



PO Box / Posbus 506
118 Henry Street / Straat
Bloemfontein 9300

T 051 410 0958
F 051 448 4220
E tuli@studbook.co.za

**Notule van die 29^{ste} Algemene Jaarvergadering gehou
te Lettie Fouché Skool Lapa, Bloemfontein
op 8 September 2023 om 09:00
*Minutes of the 29th Annual General Meeting held
at Lettie Fouché School Lapa, Bloemfontein
on 8 September 2023 at 09:00***

Afkortings/ Abbreviations

AJV - Algemene Jaarvergadering
AGM - Annual General Meeting
RV – Raadsvergadering
CM – Council Meeting
Stamboek – SA Stamboek
Stud Book – SA Stud Book
bv – byvoorbeeld
e.g. - for example

Teenwoordig/ Present

Ben Raath – President
Stephen Mains-Sheard - Visepresident/ *Vice President*
Christo Rothman – Gekoöpteerde Raadslid/ *Co-opted Council Member*
Dave Mullins - Raadslid/ *Council Member*
Ed Clark - Raadslid/ *Council Member*
Jim Bredenkamp - Raadslid/ *Council Member*
Charl van Rooyen – Tegniëse Adviseur/ *Technical Advisor*
Dr Helena Theron - SA Stamboek: Senior Genetikus/ *SA Stud Book Senior Geneticist*
Dr J van der Westhuizen - SA Stamboek: Bestuurshoof/ *SA Stud Book CEO*
Herman Labuschagne – SA Stamboek/ *SA Stud Book*: Hoof Dataverwerking
& Tegniëse Dienste/ *Manager Data recording & Technical Services*
Claus Kempen Stemma Animalia Sekretariaat Bestuurder/
Stemma Animalia Secretariat Manager
Kabelo Phaka - SA Stamboek/ *SA Stud Book*: Tegniëse Adviseur/ *Technical Advisor*
Michiel (Giel) van Niekerk Lid/ *Member*
Helena Malherbe - Lid/ *Member*
Marius Malherbe – Gas/ *Guest*
Werner Gouws - Lid/ *Member*

Raadslede / Council Members

S Mains-Sheard (President), B Raath (Vise-President/Vice President),
J Bredenkamp, E Clark, W Gouws, D Mullins, C Rothmann

Dave Marais – Senior Inspekteur/ *Senior Inspector*

Derick Hamlett – Verteenwoordiger MJ Ernst/ *Representative MJ Ernst*

Albie Rautenbach - Lid/ *Member*

Anna-Marie Viljoen – Sekretaressel/ *Secretary*

1. OPENING & VERWELKOMING/ OPENING & WELCOME

Mnr B Raath open die vergadering met skriflesing (2 Kor 4:18 en Psalm 1:1-4) en gebed. Hy verwelkom al die lede, met spesiale verwelkoming aan Dr J van der Westhuizen, Bestuurshoof van Stamboek, Claus Kempen, Bestuurder Stemma Animalia, Dr H Theron, senior genetikus van Stamboek, Herman Labuschagne Bestuurder Data Aantekeninge en Tegnieese Dienste SA Stamboek, asook Derick Hamlett wat by die administrasie van die Bona Bona Kudde (MJ Ernst) betrokke is.

Mr B Raath opened the meeting with a reading from a Scripture (2 Cor 4:18 and Psalm 1:1-4) and a prayer. He welcomed all the members, with a special welcome to Dr J van der Westhuizen, CEO of Stud Book, Mr C Kempen, Manager Stemma Animalia, Dr H Theron, senior geneticist of Stud Book, Mr H Labuschagne Manager Data Recording and Technical Services SA Stud Book, as well as Mr Derick Hamlett that is involved with the administration of the Bona Bona Herd (MJ Ernst).

2. KENNISGEWING, BYWONINGSREGISTER EN VERSKONINGS VIR AFWESIGHEID/ NOTICE OF MEETING, ATTENDANCE REGISTER AND APOLOGIES FOR ABSENCE

Die kennisgewing van die vergadering is betyds uitgestuur en die vergadering word as behoorlik gekonstitueerd verklaar. 'n Kworum is teenwoordig.

The notice of the meeting was sent timeously and the meeting thus declared as properly constituted. A quorum was present.

2.1 Verskonings/ Apologies

Dr Petrus Engelbrecht

Herlu Rautenbach

Colin Raath

Abel Rautenbach

Vivien Peche

Cornelis Rautenbach

Gordon Gilfillan

Dr Coenraad Slabber

Callie Barnard

MJ Ernst

Richard Rix

Russel Clark

Margi Harvey

Graeme Lucas-Bull

Leslie Cook

Gerhard van der Wath (Thomas Theron)

Collen Morodi

De Wet Human

Alwyn Marx

Stephane Roos

Gerhardt Schmidt

2.2 Lief en Leed / Joy and Sorrow

Mnr William Biggs het kanker gehad en is skoon nou. Mnr Christiaan Paulsen se moeder is oorlede na 'n lang siekbed. Me Adria van Rooyen was aanvaar om uit te stal in New York. Mnr C Kempen het in Londen deelgeneem saam met Me Louzanne Coetzee en het gekwalifiseer vir Parys 2024. Mnr Pieter Bredenkamp het laas Desember getrou en mnr Bennie Raath het verloof geraak en trou 23 September. Mnr C Rothman se dogter het haar mediese graad met lof geslaag. Mnr D Mullins is gelukgewens met sy seun se bevordering in Neurenberg. Mnr Rothman se skoonpa is oorlede. Mnr John Strydom het 'n fratsongeluk op sy plaas gehad en is oorlede. Mnr Tom Roberts was in die hospitaal in Suid-Afrika en was op draagbare suurstof. Hy het lank in Suid-Afrika herstel en is terug Zambië toe. Daar word aan lede gedink soos mnr C Rothman wie se plaas deur brande geteister is sowel as Me S Roos. Mnr C Rautenbach moet 'n skoueroperasie ondergaan. Me H Malherbe het malaria gehad en mnr G van Niekerk was ernstig siek met bronchitis.

Die vergadering neem 'n oomblik van stilte vir die wat heengegaan het.

Mr William Biggs had cancer that is now in remission. Mr Christiaan Paulsen's mother died after a long illness. Ms Adria van Rooyen was accepted to exhibit in New York. Mr C Kempen did run with Ms Louzanne Coetzee in Londen and qualified for Paris 2024. Mr Pieter Bredenkamp got married in December and Mr Bennie Raath got engaged and is getting married on 23 September. Mr C Rothman's daughter became a doctor cum laude. Mr D Mullins was congratulated with his son's promotion in Neurenberg. Mr Rothman's father-in-law passed away. Mr John Strydom had an accident on his farm and passed away. Mr Tom Roberts was in hospital in South Africa and is still recovering in South Africa. He is currently on portable oxygen Mr C Rothman's farm in the Colesberg District had farmfires and Ms Roos also has threat of farm fires. Mr Cornelis Rautenbach has to have a shoulder operation. Ms H Malherbe had malaria and Mr G van Niekerk was very ill from bronchitis.

The meeting took a moment of silence in condolence with the deceased.

3. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP 9 SEPTEMBER 2022/APPROVAL OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING ON 9 SEPTEMBER 2022

Korreksie/ Correction

Bladsy 21 Item 7.3 Mnr S Mains-Sheard ondersteun ~~de die~~ kommissie.
Bladsy 23 Item 9 Mnr B Raath bedank die lede vir hul vertroue in ~~the die~~
Raad.

Besluit: Die notule, met die korreksies, word goedgekeur soos voorgestel deur mnr Jim Bredenkamp en gesekondeer deur me H Malherbe.

Decision: *The minutes with the corrections, were approved as proposed by Mr Jim Bredenkamp and seconded by Ms H Malherbe.*

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE/ MATTERS ARISING FROM MINUTES

4.1 Genomiese profiel/ Genomic Profile Die vorige AJV het besluit dat vanaf 1 Januarie 2023 moet alle kuddevaars/ gebruiksbulle Genomies getoets wees. 280 dae later sal die penalisasie op Logix, deur die Raad aktiveer word, naamlik dat kuddevaars wat nie Genomies getoets is nie, se nageslag pending sal bly. Lede word aangemoedig om ouer diere te toets wat op die lys is wat Dr H Theron aanbeveel het. Die lys is by die Kantoor beskikbaar. Besluit & Aksie: Die vergadering besluit dat die penalisasie en pending van diere gewysig sal word na 1 November 2023. <i>The previous AGM decided that the from 1 January 2023 all herdsires must be Genomically tested. 280 days later penalisation on Logix would be arranged by Council, namely that progeny of these animals would remain pending until the herdsire is genomically tested. Members are encouraged to test older animals that is on the list compiled by Dr H Theron. This list is available at the Office.</i> Decision & Action: The meeting decided that the penalisation and pending date will be changed to 1 November 2023.	Kantoor Office
4.2 Wynveiling tesame met Nasionale dragtige Versveiling/ Wine Sale with National pregnant heifer sale - Mnr/ Mr Ben Raath Mnr B Raath gee terugvoer in item 6.1.1. Mnr B Raath gave feedback in item 6.1.1.	
4.3 Kommersiële bulle op veilings/ Commercial bulls on sales - Mnr/ Mr B Raath Mnr B Raath gee terugvoer dat die senior en junior keurdersvergadering op 2 Augustus 2023 goedgekeur het die Raad se besluit goedgekeur het dat die kommersiële bulle wat afgekeur word tydens die 'screening' van 'n veiling, nie op die kommersiële deel van die veiling verkoop mag word nie. Die lede bespreek die besluit. 'n Versoek om die besluit te amendement word voorgestel deur S Mains-Sheard, W Gouws en A Rautenbach. Besluit & Aksie: Die besluit word herroep sodat kommersiële bulle wat tydens die 'screening' van 'n veiling afgekeur is (maar nie weens prulfoute nie) wel op die kommersiële deel van die veiling verkoop mag word. Voorsteller: J Bredenkamp en Sekondant W Gouws. Aksie: Die nuwe Raad sal ondersoek instel na 'n persentasie kommissie op kommersiële diere op veilings. Lede word egter versoek om die kommersiële bulle se getalle te beperk. Aksie: Die veilingsreëls en screening vorm sal aangepas word. <i>Mnr B Raath gave feedback that the senior and junior inspectors' meeting hel on 2 August 2023 approved the Council decision that commercial bulls that did not pass the screening before a sale would not be allowed to be sold in the commercial part of that sale.</i> <i>The members discussed the decision. A request for an amendment were proposed by Messrs S Mains-Sheard, W Gouws and A Rautenbach.</i> Decision & Action: The decision was withdrawn to allow commercial bulls that did not pass the screening (though not with cull faults will be allowed to be sold in the commercial part of the sale. Proposer: J Bredenkamp and Seconder: W Gouws.	Nuwe Raad Kantoor

Action: The new Council will investigate a percentage commission on commercial animals sold on sales. Members are requested to limit the quantity of commercial bulls on their sales. Action: The sale rules and screening form will be adapted.	New Council Office
4.4 Handelsmerk Registrasie/ Trade Mark Registration - Mnrl Mr C Rothman Mnr C Rothman gee terugvoer. Besluit & Aksie: Die eerste fase van die registrasie is voor begroot en sal voor aansoek gedoen word. Mnr C Rothman gave feedback. Decision & Action: The first phase of the registration was included in the budget and will be requested.	 Kantoor Office
4.5 TGI Projek met NERPO/ TGI Project with NERPO - Mnrl Mr D Mullins Mnr D Mullins gee terugvoer (Aanhangsel A bl 19) Mnr D Mullins gave feedback (Attachment A p 19)	
5. BYVOEGINGS TOT DIE AGENDA/ ADDITIONS TO THE AGENDA Sien punt 7 op die agendal See item 7 on the agenda 7.1 Vereistes vir KI Bulle/ Requirements for AI Bulls - Mnrl Mr AJ Rautenbach bl 7.2 Valse bod op veilings/ False bid on Sales - Mnrl Mr B Raath 7.3 Genomika: Dubbelbespierung/ Genomics: Double Muscling - Mnrl Mr B Raath Die agenda word gesluit verklaar. <i>The agenda was closed.</i>	
6. VASTE AGENDAPUNTE/ FIXED AGENDA ITEMS 6.1 Portefeuljies Verslae/ Portfolio Reports 6.1.1 Presidensiële Verslag/ Presidential Report – Mnrl Mr B Raath Mnr S Mains-Sheard neem die voorsitter stoel in. Mnr B Raath lewer sy Presidensiële verslag. <i>Mr S Mains-Sheard acted as Chairman during the report. Mr B Raath presented his Presidential Report.</i> PRESIDENTSREDE: AJV 8 SEPTEMBER 2023 Kan u glo dat nog 'n jaar verby is! Die gevreesde Covid -19 het stil stil verbygegaan. So is dit ook met alles in die lewe. Die lewe stap net aan! Landbou in geheel in Suid-Afrika, was weereens onder die tans onsekere tye en sukkelende ekonomie, redelik stabiel en was van die min sektore wat positiewe groei getoon het. In ag genome die politieke teenstand teen ons boere, is dit net weereens 'n bewys van die stoffasie waarvan ons landbouers gemaak is! Negatiewe Beleidsmaatreëls en geen politieke wil om ons land te laat groei, is een van ons grootste beperkings binne die Landbou sektor. Ek dink ons	

almal sien met groot verwagting uit na wat met die volgende 2024 verkiesing gaan gebeur en glo daar wag moontlik 'n verrassing vir die ANC, nadat verskeie politieke partye besig is om samewerkings ooreenkomste met die Demokratiese Alliansie te vorm. Dit alleen is 'n bewys dat politieke leiers en inwoners van ons land besef dat samewerking en vooruitgang, belangriker is as eie politieke gewin en is dit ook 'n bewys van die panarrie waarin Suid-Afrika hom tans bevind.

Ek is opgewonde oor die aanstelling van Prof Frikkie Maré, hoof van die departement landbou-ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat, as die nuwe uitvoerende hoof van die Rooivleis Produsente Organisasie (RPO). Maré se wortels lê toevallig in Britstown en ek glo hy is verseker iemand wat 'n verskil kan maak aan die toekoms van ons rooivleisprodusente. Ons as boere MOET die onderskeie landbou organisasies ondersteun en NOUER saamwerk, hul hande te sterk.

President Ramaposa het tydens die Brics beraad bevestig dat 'n ooreenkoms met China gesluit is, "beef" na China uit te voer. Ons sit met van die beste rooivleis ter die wêreld en MOET uitvoermarkte oor die grense, vir ons produkte vind, aangesien Suid-Afrika nie al ons rooivleis kan absorbeer nie.

Met die opening van die Landbougebou op die UV-kampus in 1958, het oud minister SP le Roux gesê en ek haal aan: "n Volk wat vir sy landbou sorg, sorg vir sy toekoms!".

Wat die Beesbedryf aanbetref, het ons 'n baie goeie begin gehad. Speenkalfpryse was goed, maar het stelselmatig gedaal, tot op die vlakke waar dit tans is van tussen R30-R35/kg. Tuli veilingspryse het einde 2022 op rekordvlakke gesluit. Die eerste vier veilings van 2023 het daarop voortgebou, daarna het pryse drasties gedaal. Hoofsaaklik a.g.v. laer speenkalfpryse, ongunstige ekonomiese toestande, tesame met verhogings van rentekoerse-, brandstof pryse-, eskom-tariewe, die invloed van beurtkrag ens. Daarmee saam word daar ook weer vir die komende somer 'n sterk Elnino-stelsel voorspel. Ek is vas oortuig daarvan dat boere wat die vorige droogte, wat gereken word as die ergste oor 'n tydperk van meer as 100 jaar, oorleef het, nie maklik gepoeitjie sal word nie!

Ons dink in ons gebede ook aan ons mede boere wat vee en duisende hektare grond agv veldbrande verloor het. Ons sal aanhou bid en glo dat uitkoms, in die vorm van reën baie naby is!

Ons as Raad wil tog 'n versoek aan u as telers rig, om slegs kwaliteit diere, bedoelende diere met goeie teel- en fenotipiese waardes op veilings aan te bied. Kopers is ingelig, daarom bepaal dit pryse. Ek wil tog voorstel dat die nuwe Raad, moontlike minimum voorwaardes vir diere wat op Produksie veilings aangebied word, moet ondersoek. Moet asb nie die vereistes vir die begin, te hoog stel nie, maar werk eerder oor tyd na 'n bepaalde doelwit. Veilingsuitslae is die vertoonvenster van ons ras, daarom is dit belangrik dat ons veilings goeie pryse moet behaal. Veilingspryse, bepaal ook plaaspryse,

of ons dit nou wil weet of nie. Daarom plaas dit 'n groot verantwoordelikheid op ons telers wat wel veilings aanbied, maar ook op ons as Raad, om toe te sien dat hierdie doelwit bereik word.

Keurders speel ook 'n sleutel rol om hierdie doelwit te bereik. Die Raad verwag dat keurders streng moet optree tydens die screenings proses voor veilings en daar word van u as keurder verwag om die rasstandaarde en standaarde van voortreflikheid goed te ken en toe te pas. Vergewis uself ook van die veilingsreëls en ek wil dit duidelik maak dat diegene wat foute begaan, nie vir hul dienste vergoed sal word nie.

Soos u almal bewus is, is dit verpligtend dat alle Kuddevaars vanaf 1 Januarie 2023 Genomies getoets moet wees en vaderskap bevestig moet word. Die toepassing van hierdie reël vind 280 dae na 1 Januarie plaas, m.a.w. vanaf 1 November 2023 gaan die nageslag van kuddevaars wat nie getoets is nie, "pending" bly. Wat ook na vore gekom het, is dat daar bulle is wat positief toets vir die NT821 (veroorsaak erge dubbelbespieroing wanneer die dier 2 variante het) en F94L (veroorsaak nie sulke erge dubbelbespieroing nie). Die logiese redenasie is dat hierdie gene met opteling ons ras binnegekom het. Die Raad stel voor dat hierdie punt dringende aandag verdien en drastiese en dalk ongewilde besluite geneem sal moet word, terwyl die probleem nog nie te groot is nie.

Soos met enige besigheid en dit moet ook so wees, kontak in ons geval lede die Voorsitter of Raadslede met probleme of klagtes. Ek voel ook sterk daarvoor dat enige lid die vrymoedigheid moet hê om enige saak met die Voorsitter of Raadslede te kan bespreek. So het dit gebeur dat meer as een lid en ook kommersiële boere my gekontak het en genoem het dat daar vals botte op veilings op sommige diere gemaak word. Na ondersoek, en onvoldoende bewyse, het die Raad besluit om die saak nie verder te neem, maar wel die ernstigheid van so 'n oortreding onder die lede se aandag te bring. Indien enige iemand, hetsy 'n potensiële koper of verkoper aan so 'n oortreding skuldig bevind word, kan daardie persone geskors word. Moet asb nie daarby betrokke raak nie, dit is vir niemand goed nie!

Ongelukkig kan ons nog nie vir u sê die aansoek om befondsing vir die NERPO Projek (National Emergent Red Meat Producers Organisation) is afgehandel nie. Dit is 'n reuse aansoek met baie administratiewe take en vereistes, wat afgehandel moet word. Dave Mullins gaan bietjie later verslag doen oor waar die proses tans staan.

Op 3 Mei 2023 het die Genootskap weer sy jaarlikse wynveiling, in samewerking met die skool Lettie Fouché aangebied. Dit was 'n reuse sukses en 'n totale bedrag van R208 750.85 was ingesamel, teenoor ons uitgawes van R61 099.35. Dit laat ons met 'n totale wins van R147 651. 50. Die Raad se besluit is dat ons 25% van die wins aan Lettie Fouché skenk, wat dan die skenkings bedrag op R36 000 te staan bring. Op hierdie stadium KAN die Genootskap nie sonder hierdie inkomste funksioneer nie. Die bedrag wat ons lede in die vorm van borge bygedra het om wyn aan te koop, was R36 000.

Dan het erkende wynplase ook heelwat wyn geborg. Die sigbaarheid met die bemarking van hierdie veiling in samewerking met Lettie Fouché, glo ek koop verseker goeie gesindheid by die algemene publiek. Ek hoop egter ons kan in die toekoms selfs 'n groter bydrae aan Lettie Fouché maak! Ons innige dank aan elke lid vir sy bydrae, wat hierdie sukses moontlik gemaak het en ons vertrou op u volgehoue ondersteuning in die toekoms!

Op 4 Mei 2023 het die Genootskap sy heel eerste Nasionale dragtige en oop Vers-veiling aangebied. Ek dink u sal saam met my stem dat dit ook 'n reuse sukses was! Die gemiddelde pryse vir oop verse was R34 000 en dragtige verse R34 826.26. Volgens my is die sukses van hierdie veiling bepalend vir die veilings wat volg. Baie dankie vir elke verkoper en koper wat die dag bygewoon en bygedra het tot die sukses. Weereens, bo en behalwe die sukses van die veiling, het die sigbaarheid met die bemarking op verskeie platforms, glo ek groot blootstelling vir ons ras en Genootskap beteken. Ons glo en vertrou ook dat meer telers in die toekoms van die geleentheid gebruik sal maak om sy produk ten toon te stel en te koop sal aanbied. Dit is reeds 'n geleentheid vir kleiner telers, wat nie sy eie veiling kan hou nie, sigbaar te kan wees. Let wel diere moet aan streng standarde voldoen.

Op 7 Mei 2023 het 'n paar Raadslede na Zimbabwe vertrek, wat deur die Southern Africa Tuli Federation genooi was om 'n vergadering in Zimbabwe by te woon. Alle uitgawes is deur die AU-Ibar befonds. Dr Helena was ook saam. Ons is tans besig met pogings om hul databasis, Breedplan by SA Stamboek te inkorporeer. Dit sal baie voordelig wees met die uitruiling van genetika. Dan het ons ook verskeie plase besoek, kommersiële, sowel as opkomende boere. Daar gaan weer aansoek gedoen word vir die befondsing van Genomiese ontledings, bemarking, boeredae ens. Ongelukkig kan niemand verslag doen oor die vorige nagenoeg 18 miljoen rand wat bewillig was nie. Ons wil u dus nie opgewonde maak in hierdie opsig.

Baie geluk aan Cornelius Rautenbach wat tydens die Bieliemieliefes die derde prys verower het tussen 14 vleisbeesrasse vir sy statiese Tuli uitstalling, te Reitz. Werner Gouws het ook 'n boeredag oor drukbeweiding met die Tuli by hom aangebied. Dan was daar ook 'n opleidingskursus by myself op Donkerhoek, waar 10 studente die kursus wat deur ons tegniese adviseur Mnr Charl van Rooyen en Siebert Vermeulen en Kabelo Phaka van SA Stamboek aangebied. Die Noordelike Tuli klub en oom Charl het ook 'n inligtingsdag in die Noorde aangebied. Gordon Gilfillan het ook onlangs 'n boeredag by hom aangebied. Vergewe my as ek iemand uitgelaat het. Dit is belangrik dat lede ook hul hande moet opsteek met bemarking en nie net die verantwoordelikheid aan die Genootskap oorlaat nie.

Op 2 Augustus was daar ook 'n Senior en Junior keurders vergadering by Dave Mullins, te Kenton on sea. Die 3de Augustus het die Genootskap ook 'n "ken jou ras" inligtingsdag by Dave aangebied, wat deur nagenoeg 30 opkomende boere en belangstellendes bygewoon was.

Daar is ook 'n bul HBH140060 (eienaar Greame Lucas-Bull) as KI bul geregistreer. Sy saad sal eersdaags by CRV-Xseed beskikbaar wees. Ons nooi telers om met goeie bulle na vore te kom om as KI-bul geregistreer te word, aangesien daar 'n groot vraag na Tuli saad is.

Baie geluk aan Dave Mullins wie se bul ADM 210011, ons ras by die Vleissentraal SA Stamboek Elite Bulgroeitoetsklas, in Bloemfontein verteenwoordig het. Jy het ons trots gemaak!

Veels geluk ook aan Ed Clark, wie se bul HBH200091, as een van 5 bulle binne SA Stamboek as 'n Elite Platinum bul genomineer was. Voorwaar 'n merkwaardige prestasie!

Vanjaar loop Casper Kriel weg met die Elite Platinum koei, CHK100130. Veels geluk oom Casper!

Die LNR Farmers' Weekly koei E130009, behoort vanjaar aan Dave Mullins. Veels geluk Dave!

Soos u bewus is, het ons tegniese adviseur oom Charl van Rooyen, se dienste op 31 Mei by die Genootskap tot 'n einde gekom. Sy toekomstige betrokkeheid sal met u gekommunikeer word. Ons het oom Charl alreeds by die dinee vir al sy insette en advies oor die jare bedank. Dit is die Raad se gevoel en soos ons met 2022 se AJV besluit het, om weer die pos te adverteer. Die beplanning is om 'n tegniese adviseur aan te stel, wat op 1 Januarie 2024 met sy dienste kan begin. Ek stel voor dat die nuwe Raad die proses verder hanteer.

Aan my Raadslede. Baie dankie vir die ondersteuning en hulp gedurende nog 'n jaar. Hierdie is 'n spanpoging en ja ons het op en af dae gehad. Soms moes ons sake hanteer wat vir niemand lekker was nie. Soms moes ons verskil, maar op die einde van die dag kon ons mekaar se blad skud. Gelukkig was die lekker dae meer!

Anna-Marie, baie dankie vir jou hulp en ondersteuning. Jy maak die werk vir my baie makliker. Namens ons lede ook, baie dankie vir die ekstra myl wat jy vir ons almal loop! Ek kan nie eers begin om op te noem nie. Wees verseker ons waardeer jou!

Claus Kempen en Stemma. Baie dankie vir jul harde werk en ondersteuning en altyd woorde van bemoediging met ons vergaderings.

SA Stamboek en personeel, dr Japie, Shereé, Herman, Marietjie, Siebert, dr Helena en Bobbie baie dankie vir jul harde werk en ondersteuning. Ons is trots om met julle geassosieer te word.

Ons lede, baie dankie vir die vertroue wat julle oor al die jare in my as president gestel het. In hierdie hele proses, het ek ongelooflik baie van myself en die hele beesbedryf geleer en baie goeie vriende is gemaak. Mense wat ek nooit andersins sou ken nie. Ek dink ons Genootskap het baie gegroei en

is tans op 'n goeie plek. Daarmee wil ek dan my uittrede as president aankondig en wens ek net die beste aan die nuwe president en sy Raad toe!

Mag die Here ons nog lank vir mekaar spaar en mag hy nooit sy hand van seën oor ons en ons geliefde Tuli-ras wegneem nie!

Ben Raath
President

Mnr Mains-Sheard bedank mnr Raath vir sy verslag en sy diens aan die Genootskap.

Besluit: Die presidensiële verslag word aanvaar soos voorgestel deur mnr G van Niekerk en gesekondeer deur mnr J Bredenkamp.

Mnr Mains-Sheard gee die voorsitterstoel terug aan mnr Raath. Mnr Raath bedank mnr Mains-Sheard.

Mr Mains-Sheard thanked Mr Raath for his report and his service to the Society.

Decision: *The presidential report was accepted as proposed by Mr G van Niekerk and seconded by Mr J Bredenkamp.*

6.1.2 Tesouriers Verslag/ Treasurer's Report – Mnr/ Mr Christo Rothman

Mnr C Rothman lewer sy verslag by item 6.1.2.3 en 6.1.2.5.

Mr C Rothman delivered his report at item 6.1.2.3 and 6.1.2.5.

6.1.2.1 Inspeksie fooie Jaarlikse hersiening/ Inspection fees Yearly revision

Die huidige fooie is R1 000.00 besoek-/ dagfooie (vir die keurder), R15.00 per dier (R5.00 vir die Genootskap en R10.00 vir die keurder). Die reiskoste is tans R6.00 per km.

Besluit: Die huidige fooie word algemeen aanvaar.

Die screening kostes van een senior keurder word uit die veilingskommissie betaal.

The current fee is R1 000.00 day fee (for the inspector), R15.00 per animal (R5.00 for the Society and R10.00 for the inspector). The travel cost is currently R6.00 per km.

Decision: *The current fee was accepted unanimously.*

The screening costs of one senior inspector is paid from the sale commission.

6.1.2.2 Ledegeld & Per Kapita hersiening van formule (CPI plus maksimum 2%)

Die Algemene Jaarvergadering van 2020 se besluit was inflasie met 'n maksimum van 2%, is waarvolgens die jaarlikse algemene verhoging bereken word. Vir 2023 tot 2024 was die verhoging CPI (6.5%) plus 0.5%.

Besluit: Die huidige formule word weer algemeen aanvaar soos voorgestel deur Me H Malherbe en gesekondeer deur mnr E Clark.

The Annual General Meeting of 2020 approved the formula for the increase of yearly fees as inflation plus a maximum of 2%. For 2023 to 2024 the increase was CPI (6.5%) plus 0.5%.

Decision: *The current formula was again accepted unanimously as proposed by Ms H Malherbe and seconded by Mr E Clark.*

6.1.2.3 Goedkeuring van Jaarlikse Finansiële state jaar einde 30 Junie 2023/ Approval of Annual Financial Statements Year end 30 June 2023

Mnr C Rothman gee terugvoer. Die geldmark fonds is tans R545 054.00 wat die Genootskap sou kon dra vir tien maande in 'n probleemsituasie. Die lopende rekening is tans R104 912.00.

Daar was 'n groei in inkomste weens die aantal diere wat faktureer is. Daar was ook groei in die wynveiling inkomste sowel as die veilingskommissie (omdat daar meer veilings is).

Die netto wins was R221 250.00 wat bygedra het om die reserwes op te bou.

Die finansiële beleid is sirkuleer en lede wie se skuld afgeskryf is, sal aan die kredietburo gegee word.

Besluit: Die finansiële kompilasie state word goedgekeur soos voorgestel deur mnr D Mullins en gesekondeer deur mnr J Bredenkamp.

Mr C Rothman gave feedback. The moneymarket fund was currently R545 054.00. That will be able to maintain the Society for ten months in an emergency. The current cheque account amount is R104 912.00.

There was growth in income due to the quantity of animals invoiced. There was also growth in the wine sale income as well as the sale commission (as there were more sales).

The nett profit was R221 250.00 that contributed to the building of the reserve fund.

The financial policy was circulated and members whose debt was written off, will be listed at a credit buro.

Decision: *The financial compilation statements were approved as proposed by Mr D Mullins and seconded by Mr J Bredenkamp*

6.1.2.4 Aanstel van Rekenmeester en goedkeuring van kompilasie state kwotasie/ Appointment of Accountant

Besluit: Die rekenmeester kwotasie van R3 370.00 plus BTW van ARC Sakhile word eenparig goedgekeur.

Decision: *The accountant quotation for R3 370.00 plus VAT by ARC Sakhile was approved unanimously.*

6.1.2.5 Begroting/ Budget

Mnr C Rothman lê die begroting aan die vergadering voor

(Aanhangsel B).

Besluit: Die begroting word eenparig aanvaar soos voorgestel deur mnr E Clark en gesekondeer deur mnr J Bredenkamp.

Mnr Raath bedank mnr Rothman.

Mr C Rothman presented the budget to the meeting (Attachment B).

Decision: The budget was approved unanimously as proposed by Mr E Clark and seconded by Mr J Bredenkamp

Mr Raath thanked Mr Rothman.

6.1.2.6 BTW registrasie van Genootskap/ VAT registration of Society – Mnr/ Mr C Kempen

Mnr C Kempen gee terugvoer (Aanhangsel C bl 19). Hy beveel aan dat die Genootskap nie tans registreer vir BTW nie.

Besluit: Die vergadering aanvaar die aanbeveling soos voorgestel deur mnr J Bredenkamp en gesekondeer deur mnre A Rautenbach en W Gouws.

Mr C Kempen gave feedback (Attachment C p 19). He recommended that the Society not register for VAT.

Decision: The meeting accepted the recommendation as proposed by Mr J Bredenkamp and seconded by Messrs A Rautenbach and W Gouws.

6.1.3 Verslag deur Promosie & Bemerkings komiteel Report by Promotion & Marketing committee

Mnr J Bredenkamp lewer verslag. 'n QR kode vir die joernaal is ontwerp en die joernaal is met hierdie QR kode by Nampo beskikbaar gestel sodat dit elektronies gelees kon word.

Daar is adverteer in die Stamboek Landbouweekblad Bylaag en die Landbouweekblad Veeboek die jaar en in die Livestock Index sal adverteer word.

In die toekoms beveel hy egter aan dat daar nie meer in die Landbouweekblad Veeboek adverteer word nie, siende net drie rasse adverteer het die jaar. Daar sal wel elke twee jaar in die Stamboek Landbouweekblad Bylaag adverteer word. Daar sal ook nie in die Veeplaas adverteer word nie. Hy is van mening dat die Raad mooi moet besin voor hul in die gedrukte media adverteer.

Mr J Bredenkamp presented his report. 'n QR kode vir die joernaal is ontwerp en die joernaal is met hierdie QR kode by Nampo beskikbaar gestel sodat dit elektronies gelees kon word.

The Society advertised in the Landbouweekblad SA Stamboek 'Bylaag' and in the Landbouweekblad Veeboek and will advertise in the Livestock Index.

He recommended that in future the Society should not advertise in the Landbouweekblad Veeboek as only three Societies advertised there this year. The Society will advertise in the the Landbouweekblad SA Stamboek 'Bylaag' that is published every second year. The Society will not advertise in Veeplaas. He was of the opinion that Council should really think before advertising in printed media.

6.1.3.1 Joernaal/ *Journal* - Mnr/ Mr Charl van Rooyen

Mnr C van Rooyen gee terugvoer rakende die joernaal. Hy is van mening dat die joernaal nog 'n belangrike rol speel en dat dit van baie hoë kwaliteit is teenoor die kwaliteit van van die ander rasse se joernale. Die joernaal advertensies pryse is vergelyk met dié van ander rasse. Die vergadering bespreek die pryse.

Besluit & Aksie: Die joernaal advertensies pryse sal jaarlikse styg met CPI soos voorgestel deur mnr J Bredenkamp en sekondeer deur mnr D Mullins. Na 'n voorstel van mnr W Gouws word die voorstel aangepas om in te sluit dat die die voorblad, binne blad en agterblad en voorblad opgeveil word elke jaar by die Algemene Jaarvergadering. Lede sal voor die tyd ingelig word. Mnr D Mullins sekondeer mnr Bredenkamp se gewysigde voorstel.

Mnr Z Lamprecht noem dat die volgende bladsye opgeveil word, naamlik die agterblad, die 'middelblad' waar die teler kan kies waar in die joernaal hy sy dubbelblad wil laat plaas, binne voor links, binne voor regs, agter binne links, agter binne regs asook die voorblad. Die 2024 bladsye sal per e-pos opgeveil word in Februarie 2024.

Besluit & Aksie: Me A van Rooyen en mnr C van Rooyen sal vir die 2024 joernaal verantwoordelik wees.

Besluit & Aksie: Mnr B Raath som op dat die voorste twee bladsye bladsy, die agterste twee bladsye, die agterblad buite en dan 'n dubbelblad waar die persoon kan kies waar hy wil adverteer, opgeveil sal word.

Mnr B Raath bedank mnr C van Rooyen.

Mr C van Rooyen gave feedback regarding the journal. He was of the opinion that the journal still plays an important role and that the Tuli journal is of a very high quality versus the quality of the journals of some of the other breeds. The journal's advertising prices were compared to those of other breeds. The meeting discussed the prices.

Decision & Action: *The journal advertisement prices would increase yearly with CPI as proposed by Mr J Bredenkamp and seconded by Mr D Mullins. After a suggestion by Mr W Gouws the proposal was amended to include that the frontpage, inside page and back page will be auctioned off at the Year End Function for the journal of the following year. Mr D Mullins seconded Mr J Bredenkamp's amended proposal.*

